



RYNIENUUS



LAERSKOOI RYNFIELD

UIT DIE HOOF SE KANTOOR: GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

Mnr. Wally
Janse van
Rensburg



Na hierdie week sluit die skole oor 'n week en 3 dae op Woensdag 23 September 2026 vir die kort Oktobervakansie. Hierdie is altyd 'n kort vakansie voordat ons die laaste kwartaal van die jaar aanpak.

Daar is nog 106 dae oor tot kersfees!!



Ons 3 **spreekkore** het verlede week aan die kunswedstryd in Boksburg gaan deelneem en al 3 het uitstekende resultate opgelewer. Uitslae is as volg: Gr.1-3: 95% , Gr. 4-5: 94% en Gr. 6-7: 95%. Beide die Gr. 4-5 en Gr. 6-7 spreekkore was **itemwenners**! Baie geluk aan al die lede van die spreekkore asook die afrigters naamlik: Juf. Jariska, Juf. Bianca, Juf. Juazelle (Gr. 1-3), Juf. Reen  -Mari, Juf. Marlize (Gr. 4-5) en Juf. Gertjie (Gr. 6-7). Ons is trots op julle en dankie vir al die harde oefening!



BOK-VRYDAG

Leerders mag Vrydag, 11 September, Springbokklere aantrek vir Bok-Vrydag. Geen kostes verbonde nie.





RYNIENUUS



LAERSKOO RYNFIELD

Verlede Vrydag was die skool en omliggende gebiede deur 'n erge haelstorm getref wat heelwat skade by die skool aangerig het, veral wat plafonne en afdakke aanbetref. Ons is tans besig met 'n eis by die versekering en dan sal die proses van herstel volg, wat 'n langdurige proses kan wees. Ons doen dus 'n beroep op u geduld wat die herstelwerk aanbetref, ons sal so spoedig moontlik daaraan aandag gee.



Ons vra weereens die hulp van ons ouers om bedagsaam en geduldig te wees op die paaie om die skool en om te hou by die padreëls. Weerhou asseblief daarvan om dubbel en op sypaadjes te parkeer, veral naby die voetoorgange wat die veiligheid van ons leerders ernstig kan beïnvloed. Ons vra ouers om ons te help in dié verband en saam te werk om die leerders se veiligheid te verseker.



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

LANDLOOP



LAERSKOOl RYNFIELD

— GAUTENG LANDLOOP —

**Baie *sterkte* aan ons atlete wat
12 September aan die Gauteng
Landloop Kampioenskappe by Curro
Midrand Sagewood gaan deelneem.**



**Dwané Atterbury , Jordan Jurgens, Kayden Roets, Kayla Botha
WJ Pretorius, Donnalee Kok, André Klingenberg**

Ons Bou



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

LANDLOOP

🇿🇦 SA CROSS COUNTRY CHAMPIONSHIPS 2026 🇿🇦

Dwané Atterbury het die afgelope naweek aan die SA Cross Country Championships 2026 deelgeneem en 'n uitmuntende 5de plek behaal uit 'n ongelooflike sterk veld van 129 atlete! 🏆 🙌

Wat 'n fantastiese prestasie om onder die Top 5 in Suid-Afrika te eindig! 🇿🇦 🔥

Dwané, ons is ongelooflik trots op jou! Jou harde werk, deursettingsvermoë en toewyding het vrugte afgewerp. 💙

Baie geluk met hierdie besondere prestasie! 🏆





RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



KRIEKET

0/9	-	VERLOOR
0/10	-	WEN
0/11	-	VERLOOR
Tweedes	-	WEN
Eerstes	-	WEN



RYNIENUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

HOKKIE

LAERSKOOLO RYNFIELD
HOKKIE
- DOGTERS -

VS **LAERSKOOLO BRENTWOODPARK**

0/10 A	-	WEN
0/10 B	-	WEN
0/11 A	-	GELYK
0/11 B	-	WEN
0/12	-	WEN
0/13	-	WEN

ONS SPEEL. ONS BOU.

LAERSKOOLO RYNFIELD
HOKKIE
- SEUNS -

VS **LAERSKOOLO IMPALA**

0/10	-	VERLOOR
0/11	-	GELYK
0/13	-	VERLOOR

ONS SPEEL. ONS BOU.

LAERSKOOLO RYNFIELD
HOKKIE
- SEUNS -

VS **WOODLANDS**

0/10	-	WEN
0/11	-	WEN
0/13	-	VERLOOR

ONS SPEEL. ONS BOU.





RYNIENUUS

LAERSKOOOL RYNFIELD



ATLETIEK

ATLETIEK
UITDUNNE

MAANDAG	DINSDAG
21 SEPTEMBER	22 SEPTEMBER
BAANITEMS (Gr. 1 - Gr. 6)	VELDITEMS EN MIDDELAFASTANDE (Gr. 3 - Gr. 6)

Alle uitdunne vind plaas in skooltyd vanaf **08:00 - 13:50.**

Rynies | RESPEK | SAMEWERKING | DEURSETTING | UITNEMENDHEID



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

SKAAKNUUS


Ons het die finale datum en reëlins vir die Prestige byeenkoms op die 17 Oktober 2026 by Laerskool Magalieskruin in Pretoria, ontvang!

Ons 6 spelers wat hulle plekke oopgespeel is:
Onder 13: Rickard de Bruyn en Zuan Volschenk
Onder 11: Engeli Boshoff en Kemuel Fensham
Onder 9: Deborah Roode en Wayne Zwiegelaar
Baie geluk, julle!

Meer inligting volg nader aan die datum van die byeenkoms.

Daar is dan ook slegs oefening vir hierdie spelers van hierdie week af.
Trots op julle!

Juf Leonie





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

KOOR



KUNSWEDSTRYD

Geluk aan al ons maats wat onlangs deelgeneem het aan **Vivarte** se “Nasionale rondte”! Ons is ongelooflik trots op elke Rynie wat met toewyding en selfvertroue op die verhoog verskyn het. Ons wil graag onder ouers se aandag bring dat die geleentheid, ten spyte van die naam, **nie ’n amptelike nasionale kompetisie** is soos geadverteer nie. Volgens die 2026 Prysuitdelingbeleid ontvang leerders **erkenning vir hul eerste deelname of optrede**, en Redenaars word by Vivarte as deel van die kunswedstryde gekategoriseer.





RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



SPREEKKORE





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

2027 REDENAARS: TEMAS BEKEND!

Die nuwe temas vir **2027** is hier!
Ons gebruik hierdie temas vir **Afrikaanse en Engelse individuele redenaars**, sowel as vir **spanredenaars**.

- **Afrikaans en Engels individueel:** Gebruik die vasgestelde temas.
- **Engels en Spanne:** Het ook die opsie om 'n **eie keuse** tema te gebruik.

Ons nooi leerders om solank **kreatief te begin dink en voor te berei** vir daardie toesprake. Laat die idees vloei en die selfvertroue groei!



Al ons maats wat deelneem by Interskole die 19de September by WITS moet asb. seker maak hulle kom by Juffrou Coffey of Juffrou Barbara uit vir laaste afronding en oefening.



KULTUURSERTIFIKATE

Ouers word vriendelik daaraan herinner om asseblief afskrifte van al hul kind se 2026 kultuurprestasies na Juffrou Coffey te stuur.

Kultuurgroete.
Juf, Coffey



Stuur gerus enige navrae na
kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

SNOEPIE SPYSKAART

Maandag, 14 September	Toasted bacon & cheese
Dinsdag, 15 September	Hotdog
Woensdag, 16 September	Beefburger
Donderdag, 17 September	Macaroni & cheese
Vrydag, 18 September	Footlongs



NASKOOL

LAERSKOOLO RYNFIELD



BELANGRIKE DATUMS!!! ONTHOU ASSEBLIEF

- **23 September** - Skool sluit (naskool oop vanaf 07:00)
- **24 September** - ERFENISDAG
- **25 September** - NASKOOL GESLUIT
- **28 September - 5 Oktober** - Naskool oop vir skoolvakansie
(vanaf 07:00-17:30)



NASKOOL SPYSKAART

DATUM	ETE	15:45 - 16:00
Maandag, 14 September	Macaroni & kaas	Vrug & sap
Dinsdag, 15 September	Kouevleisrolletjie	Vrug & sap
Woensdag, 16 September	Hoendergereg, rys + groente	Vrug & sap
Donderdag, 17 September	Viskoekies & slaai	Vrug & sap
Vrydag, 18 September	Hotdogs	Vrug & sap



TEN SLOTTE



LAERSKOOl RYNFIELD



W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

marelize
REDELINGHUYS
SPEECH-LANGUAGE THERAPIST
SPRAAK-TAAL TERAPEUT

Help jou kind om
te kommunikeer en te floreer! ♥

VRIENDELIKE, GEDULDIGE EN SPEL-GEBASEERDE TERAPIE IN 'N
VEILIGE OMGEWING.

⇒ EK KAN HELP MET: ⇒

- Artikulasie (Uitspraak)
- Ouditiewe Prosessering
- Reseptiewe & Ekspresiewe Taal
- Hakkel (Stuttering)
- Vroeë Kommunikasie Intervensie
- Lees & Spelling
- Taalbegrip & Taalgebruik
- Kommunikasie-vaardighede

Kom ons werk saam om jou kind se
potensiaal te ontsluit! ♥

BESOEK MY:
Webb Street Therapy Centre
33 Webb Straat,
Northmead, Benoni

KONTAK MY:
marelize.speech@gmail.com
083 449 8247

GEREGISTREERD BY:
HPCSA NO: ST0012262
PRAKTYK NO: 0072367



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

ALLSEASON
RUGBY AKADEMIE

**KRY JOU
RUGBY
VOORSPRONG**

Al die spelers word ingedeel in klein groepe om genoeg aandag aan elke speler te bied.

OEFENINGE SLUIT IN:

- KONDISIONERING
- HANTERING
- VERDEDIGING
- SKOPVAARDIGHEDE

KOSTES:
R300 PER MAAND

Ons fokus op oefening wat die spelers ontwikkel en beter rugbyspelers maak wanneer hulle by "grootveld rugby" kom.

**SPEEL HARD.
LEEF RUGBY.**

**KONTAK MNR. MICHAEL
VIR MEER INLIGTING!**